

26 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 46:1-47:12

God voer sy beloftes uit, maar jy moet in geloof en hoop kan wag op die Here

Die krisis is verby. Josef is met sy broers versoen en met sy pa herenig. Hulle het genoeg kos en sal die hongersnood oorleef. Hulle lewens is gered en die familie sou nou 'n volk word. Hulle voortbestaan is gewaarborg. God het sy belofte van 'n groot nageslag nagekom.

Jakob moet egter uit die beloofde land padgee en na Egipte toe gaan. Dit lyk of die belofte van 'n land nou in gevaar is. God verskyn aan Jakob en bevestig sy beloftes: "Ek sal jou daar 'n groot nasie maak" en "Ek sal jou beslis weer hierheen laat terugkom". Intussen moet Jakob in God bly glo, op Hom vertrou en op Hom bly hoop.

God se pad met Israel moet deur Egipte gaan. Soos die familie van Jakob moes leer dat om met God te lewe alleen moontlik is deur die geloof in Hom en die hoop dat Hy sy beloftes sal waarmaak, so moet die volk Israel by sy oorgang van familie na volk dit weer leer. Hulle moet leer om te kan wag op die Here. Daarom word die vervulling van die belofte van die land nog 'n paar honderd jaar lank uitgestel.

Ons is klaar gered, deur Jesus Christus, ons Verlosser. Ons voortbestaan as God se kinders is gewaarborg. Tog sug ons saam met die skepping in die pyne van verwagting (Rom 8:22-23). Omdat ons die Christelike hoop het, kan ons in die verwagting dat God al sy beloftes nakom, op Hom bly wag.

Sing: Psalm 33:11

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)